MIGA

1 Die woord van יהוה wat na Miga, die Morashiet, gekom het, in die dae van Jotam, Agas, Ĥiskíja, konings van Jahuda, wat hy gesien het aangaande Shomaron en Jarushalajim.
2 Hoor, al julle volke! Luister, aarde en sy volheid! En laat Meester יהוה 'n getuie teen julle wees, יהוה uit Sy afgesonderde Tempel.
3 Want kyk, יהוה gaan uit Sy woonplek,[a] en Hy sal neerdaal en op die hoogtes van die aarde trap.
4 En die berge sal onder Hom smelt,[b] en die laagtes oopskeur, soos was voor die vuur, soos water wat langs 'n helling afstroom!
5 Dit alles oor die oortreding van Jaäkoḇ en oor die sondes van die huis van Jisra'ěl. Wat is die oortreding van Jaäkoḇ? Is dit nie Shomaron nie? En wie is die hoogtes van Jahuda? Is dit nie Jarushalajim nie?
6 "En Ek sal Shomaron 'n puinhoop maak in die veld, plantasies van wingerde. En Ek sal haar klippe in die vallei laat afrol en haar fondamente ontbloot.
7 "En al haar gesnede beelde sal stukkend geslaan en alles wat sy as betaling ontvang het, met vuur verbrand word. En al haar idole sal Ek verwoes, want uit betaling as hoer het sy dit versamel, en tot betaling vir 'n hoer sal dit terugkeer."
8 Hieroor treur en huil ek. Ek loop kaalvoet en kaal. Ek wil rou soos die jakkalse en treur soos die volstruise.
9 Want haar wonde is ongeneeslik. Want dit het tot by Jahuda gekom, dit reik tot aan die poort van my volk, tot by Jarushalajim.
10 Moenie dit in Gat vertel nie, moet glad nie huil nie! Rol jouself in Bět-Ofra[c] in die stof!
11 Vertrek kaal in skande, inwoner van Shafir! Die inwoner van Tsaänan het nie uitgegaan nie. Die getreur van Bět-Ha'ětsel ontneem julle die blyplek.
12 Want die inwoner van Marot is gedaan vir iets goeds, want teëspoed daal van יהוה na die poort van Jarushalajim neer.
13 Span die perde voor die wa, inwoner van Lagish! Sy was die begin van sonde vir die dogter van Tsijon. Want die oortredinge van Jisra'ěl is in jou gevind.
14 Daarom moet jy afskeidsgeskenke vir Moreshet-Gat gee, die huise van Agsiḇ sal bedrieglik wees vir die konings van Jisra'ěl.
15 Weer sal Ek 'n veroweraar na jou bring, inwoner van Marěsha. Die aansien van Jisra'ěl sal na Adullam kom.
16 Maak 'n kaalte op jou kop en sny jou hare vir die kinders van jou vreugde. Vergroot die kaal-plek soos 'n aasvoël, want hulle sal in ballingskap van jou af weggevoer word.

2 Wee die wat onreg beplan en boosheid op hulle beddens pleeg. In die môrelig doen hulle dit, want dit is in die mag van hulle hand.
2 En hulle het velde begeer en dit geroof, ook huise en dit geneem. En hulle het 'n man en sy huis verdruk, en 'n mens en sy erfenis.
3 Daarom, so sê יהוה: "Kyk, teen hierdie familie beplan Ek teëspoed, waar julle jul nekke nie sal kan uittrek nie, of trots sal kan loop nie, want dit is 'n tyd van teëspoed!
4 "In daardie dag sal hulle 'n gelykenis oor julle aanhef en met 'n *bitter* treurlied treur en julle sal sê: 'Ons is totaal verwoes! Hy het my volk se deel verander.

[a] Jes 26:21
[b] Teh 97:5
[c] Huis van Stof

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

Hoe neem Hy dit van my af! Hy deel ons velde aan die afvalliges uit.'"
5 "Daarom sal daar vir jou niemand in die vergadering van יהוה wees wat die tou in die lot gooi nie nie.
6 "Jy moenie profeteer nie, profeteer hulle! Hulle sal nie vir hulle profeteer nie! Die skande word nie weggedraai nie!
7 "Die huis van Jaäkoḇ sê: 'Die Gees van יהוה is beperk. Is dit Sy dade?' Is My woorde nie goed vir hom wat opreg wandel nie?
8 Maar vanaf gister het My volk vyandig opgestaan. Julle pluk die mantel met die kleed van die wat in gerustheid verbygaan, wat terugkeer van oorlog.
9 "Julle het die vrouens van My volk uit hulle aangename huis verdryf. Julle het My skoonheid van hulle kinders weggeneem in ewigheid.
10 "Staan op en gaan, want hierdie is nie jul rusplek nie, omdat onreinheid verwoes, en die verwoesting is hewig.
11 "Indien iemand met 'n leuenagtige gees kom en lieg: 'Ek sal vir jou vir wyn en sterk drank profeteer,' sal hy vir hierdie volk 'n profeet wees!
12 "Ek sal verseker almal van jou versamel, Jaäkoḇ! Ek sal beslis die oorblyfsel van Jisra'ěl vergader, almal bymekaarbring soos skape in 'n kraal, soos 'n kudde in sy weiveld, en dit sal dreun van mense.
13 "Die deurbreker sal voor hulle uit optrek. Hulle sal deurbreek en deur die poort gaan en daardeur uittrek, en hulle koning sal voor hulle uit gaan, en יהוה aan die hoof.

3 Verder het ek gesê: "Hoor nou, hoofde van Jaäkoḇ en regeerders van die huis van Jisra'ěl! Behoort julle nie die reg te ken nie,
2 wat die goeie haat, en die bose liefhet, wat die vel van hulle aftrek en hulle vleis van hul beendere,
3 en wat die vleis van My volk eet en hulle vel van hulle afstroop, en hulle beendere verbrysel en hulle in stukke kap soos vleis in 'n pot en soos vleis in 'n groot pot?"
4 Dan sal hulle יהוה aanroep, en Hy sal hulle nie antwoord nie, en Hy sal Sy gesig in daardie tyd vir hulle verberg, omdat hulle dade verkeerd was.
5 So sê יהוה aangaande die profete wat my volk verlei, wat met hulle tande byt, en uitroep, "Vrede!" En wat teen hom wat niks in hulle monde gee nie, 'n afgesonderde oorlog verklaar!
6 Daarom sal dit vir julle nag wees, sonder 'n visioen, en duister vir julle, sonder waarsêery. En die son sal oor die profete ondergaan, en die dag oor hulle verduister word.
7 En die sieners sal skaam wees, en die waarsêers sal bloos, en hulle almal sal die baard bedek, want daar is geen antwoord van Elohim nie.
8 Maar ek daarenteen is gevul met krag, met die Gees van יהוה, en reg en mag, om aan Jaäkoḇ sy oortreding te verkondig en aan Jisra'ěl sy sonde.[d]
9 Hoor nou dit, hoofde van die huis van Jaäkoḇ en regeerders van die huis van Jisra'ěl, wat die reg verag en alles wat reg is, verdraai,
10 julle wat Tsijon bou met bloed en Jarushalajim met onreg!
11 Haar hoofde oordeel vir 'n geskenk, en sy priesters onderrig vir betaling,[e] en sy profete is waarsêers vir geld. Nogtans steun hulle op יהוה en sê: "Is יהוה nie in ons midde nie? Geen boosheid sal oor ons kom nie!"
12 Daarom sal Tsijon weens julle soos 'n land geploeg en Jarushalajim puinhope word en die berg van die Huis bosrante.

4 En in die laaste dae sal dit gebeur dat die berg van die Huis van יהוה vas sal

[d] 2 Diḇ 24:20; Joḥ 16:8
[e] Joḥ 10:12

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

staan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels. En die volke sal daarheen stroom.
2 En baie nasies sal gaan en sê: "Kom, laat ons optrek na die berg van יהוה en na die Huis van die Elohim van Jaäkoḇ, en Hy sal ons in Sy weë onderrig en ons sal in Sy paaie wandel. Want die Tora kom uit Tsijon en die woord van יהוה uit Jarushalajim."
3 En Hy sal oordeel tussen baie volke en die magtige nasies wat ver is bestraf. En hulle sal van hul swaarde skoffels smee en van hul spiese snoeimesse. Nasie sal nie meer teen nasie die swaard oplig nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.[f]
4 Maar hulle sal elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom sit, en niemand wat hulle bang maak nie, want die mond van יהוה van die leërskare het gepraat.
5 Want al die volke wandel elkeen in die naam van sy eloah, maar ons sal wandel in die Naam van יהוה ons Elohim vir ewig en altyd.[g]
6 "In daardie dag," verklaar יהוה, "versamel Ek die kreupeles, en Ek maak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het, bymekaar.
7 "En Ek sal die kreupeles 'n oorblyfsel maak en die uitgeworpenes 'n magtige nasie. En יהוה sal oor hulle regeer op die berg Tsijon, van nou af en vir ewig.[h]
8 "En jy, Toring van Eder,[i] Heuwel van die dogter van Tsijon, dit sal na jou kom, ja, die eerste regeerder sal kom, die regering van die dogter van Jarushalajim."
9 Nou waarom skreeu jy so hard? Is daar geen koning in jou nie? Of het jou raadgewer vergaan? Want smart het jou aangegryp soos van een wat baar.
10 Krimp inmekaar en bring voort, dogter van Tsijon, soos een wat baar! Want nou sal jy die stad verlaat en op die veld gaan woon. En jy sal na Baḇel gaan, daar sal jy gered word, daar sal יהוה jou verlos uit die hand van jou vyande.
11 En nou is daar baie heidene teen jou versamel wat sê: "Laat sy geskend word, en laat ons oë op Tsijon neersien!"
12 Maar hulle ken nie die gedagtes van יהוה nie en verstaan nie Sy besluit nie, dat Hy hulle versamel het soos gerwe op die dorsvloer.
13 "Staan op en dors, dogter van Tsijon! Want Ek sal jou horing yster maak en jou kloue koper. En jy sal baie volke fyn trap, en jy sal hulle wins aan יהוה toewy en hulle rykdom aan die Meester van die hele aarde."

5 Nou moet jy jouself sny, dogter van bendes, 'n beleg is teen ons gemaak. Hulle slaan die regeerder van Jisra'ĕl met 'n stok op die kakebeen.
2 "En jy, Bĕt Leḥem Efrata, jy is klein tussen die families van Jahuda, uit jou sal daar vir My een uitkom wat 'n Regeerder in Jisra'ĕl sal wees. En Sy oorsprong is van ouds, uit die dae van die ewigheid."
3 Daarom sal Hy hulle oorgee tot op die tyd dat die barende geboorte gegee het, en die oorblyfsel van sy broers sal saam met die kinders van Jisra'ĕl terugkeer.
4 En Hy sal staan en hulle laat wei[j] in die krag van יהוה, in die grootheid van die Naam van יהוה Sy Elohim. En hulle sal woon, want nou sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde.
5 En dit sal vrede wees. Wanneer Ashshur in ons land kom en hy ons paleise wil betree, sal ons sewe herders teenoor hom

[f] Jes 2:2-4.
[g] Sag 10:12.
[h] Jes 12:6; 16:5; 24:23; 46:13; 52:8; 59:20; Teh 102:16; Jeḥ 43:7-9; Jo'ĕl 3:17 & 21; Tsaf 3:14-17; Zeḵ 1:16-17; 2:10; 8:3-8; 14:1-11, Hand 1:6-7; Opb. 21.
[i] Skaaptoring of Toring van die Kudde.
[j] Jeḥ 34:13-14

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

laat opstaan, en agt leiers van mense.
[6] En hulle sal die land Ashshur met die swaard breek en die land van Nimrod by sy ingange. En Hy sal ons dan van Ashshur bevry, wanneer hy in ons land kom en ons grondgebied betree.
[7] En die oorblyfsel van Jaäkoḇ sal tussen baie volke wees soos dou van יהוה, soos reënbuie op die plante, wat op geen mens wag nie en vir geen kinders van mense vertoef nie.
[8] En die oorblyfsel van Jaäkoḇ sal tussen die nasies tussen baie volke wees soos 'n leeu tussen die diere van die woud, soos 'n jong leeu tussen troppe kleinvee, wat, indien hy deurtrek, vertrap en verskeur en niemand wat red nie.
[9] Jou hand sal bo jou teëstanders opgelig wees, en al jou vyande sal afgesny word.
[10] "En in daardie dag," sê יהוה, "sal Ek jou perde uit jou midde afsny en jou strydwaens vernietig.
[11] "En Ek sal die stede van jou land afsny en al jou vestings afbreek.
[12] "En Ek sal die hekserye uit jou hand afsny, en jy sal geen towenaars meer hê nie.
[13] "En Ek sal jou gesnede beelde en jou klippilare uit jou midde afsny, sodat jy jou nie meer voor die werk van jou hande sal neerbuig nie.
[14] "En Ek sal jou Ashěras uit jou midde ruk en jou stede verwoes.
[15] "En Ek sal in toorn en grimmigheid wraak neem op die heidene wat nie geluister het nie."

6 Hoor nou wat יהוה sê: "Staan op, voer stryd voor die berge, en laat die heuwels jou stem hoor!
[2] "Hoor, berge en ewige fondasies van die aarde, die stryd van יהוה! Want יהוה het 'n stryd met Sy volk en sal met Jisra'ěl stry.
[3] "My volk, wat het Ek aan jou gedoen, en waarmee het Ek jou vermoei? Antwoord My!
[4] 'Want Ek het jou uit die land Mitsrajim laat optrek en jou uit die huis van dienaars losgekoop, en Ek het Moshe, Aharon en Mirjam voor jou uit gestuur.
[5] "My volk, onthou tog wat Balak, die koning van Moaḇ, beplan het, en wat Bíl'am, die seun van Beor, hom geantwoord het, en wat gebeur het vanaf Shittim tot by Gilgal, sodat jy die geregtigheid van יהוה kan ken."
[6] Waarmee sal ek יהוה ontmoet, my voor die hoë Elohim buig? Sal ek Hom ontmoet met brandoffers, met jaaroud kalwers?
[7] Sal יהוה vreugde hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my wese?
[8] Hy het aan jou bekend gemaak, mens, wat goed is. En wat vra יהוה van jou anders as om reg te doen en goedheid lief te hê en ootmoedig te wandel met jou Elohim?
[9] Die stem van יהוה roep na die stad, en die wyse sal U Naam vrees! "Hoor die tak, en Hy wat dit vagestel het.
[10] "Is daar steeds skatte van boosheid in die huis van die bose en 'n skrale efa wat veragtelik is?
[11] Sê Ek, *dit is* onskuldig met 'n verkeerde weegskaal en met 'n sak bedrieglike gewigte?
[12] "Want haar rykes is vol geweld, en haar inwoners praat leuens, en hulle tong is bedrog in hulle mond.
[13] "En Ek sal jou gedaan maak met 'n geslaan, met verwoesting weens jou sondes.
[14] "Jy sal eet, maar nie versadig word nie, en jou honger sal in jou binneste bly. En jy sal terugtree sonder om iets te red, en wat jy red, sal Ek aan die swaard gee.
[15] "Jy sal saai, maar nie oes nie. Jy sal olywe uittrap, maar jou nie met olie salf nie, en mos maak, maar geen wyn drink

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

nie.
16 "Want die wette van Omri word onderhou en al die werke van die huis van Agaḇ, en julle wandel in hulle planne. Daarom maak Ek jou 'n woesteny en die jou inwoners 'n bespotting, en julle sal die vernedering van My volk dra."

7 Wee my! want ek is soos die insameling van somervrugte, soos die oorblyfsel van die wynoes. Daar is geen tros om te eet nie. My wese begeer vroeë vye.
2 Die toegewyde het uit die land verdwyn, en daar is geen opregte meer tussen die mense nie. Hulle almal is op loer vir bloed, hulle elkeen jaag sy broer met 'n net.
3 Hande gaan uit na die kwaad, om dit goed te doen. Die prins eis, en die regter vra betaling, en die groot man sê die begeerte van sy wese. En hulle verdraai alles.
4 Die beste van hulle is soos 'n doringstruik, die mees opregte *skerper* as 'n *doring*heining. Die dag van jou wagters, jou straf het gekom, nou is hulle *in* verwarring.
5 Moenie jou naaste vertrou nie, moenie op 'n vriend staatmaak nie, bewaak die poorte van jou mond teen haar wat in jou skoot lê.
6 Want die seun verag die vader, die dogter staan op teen haar moeder, die skoondogter teen haar skoonmoeder, die man se vyande is sy huismense!
7 Maar ek kyk uit vir יהוה, ek wag op die Elohim van my verlossing, my Elohim hoor my.
8 Moenie oor my bly wees nie, my vyand! Wanneer ek val, sal ek weer opstaan, wanneer ek in duisternis sit, is יהוה vir my 'n lig.
9 Ek sal die toorn van יהוה dra, want ek het teen Hom gesondig, totdat Hy my saak verdedig en my reg doen. Hy bring my uit in die lig, ek kyk na Sy geregtigheid.
10 En my vyand sien dit, en skaamte bedek haar wat vir my gesê het: "Waar is יהוה, jou Elohim?" My oë sien haar: Nou word sy vertrap word soos modder in die strate.
11 Die dag om jou mure te herbou, in daardie dag is die bepaling ver.
12 Daardie dag wanneer hulle na jou kom van Ashshur en die beleërde stede, en van die beleëring[k] tot by die rivier, en van see tot see, en van berg tot berg.
13 Maar die aarde sal 'n wildernis word oor sy bewoners, weens die vrug van hulle dade.
14 Versorg U volk met U staf, die kudde van U erfenis, wat alleen woon in 'n bos op Karmel. Laat hulle wei in Bashan en Gíl'ad soos in die ou dae.
15 "Soos in die dae to jy uit die land Mitsrajim gekom het, sal Ek hom wonders laat sien."
16 Die heidene sien dit en is skaam oor al hulle krag, hulle lê die hand op die mond, hulle ore is doof.
17 Hulle lek stof soos 'n slang, hulle kom soos slange bewend uit hul vestings te voorskyn, hulle kom sidderend na יהוה ons Elohim, en hulle sal U vrees.
18 Wie is 'n Ěl soos U, wat die ongeregtigheid wegneem en by die oortreding van die oorblyfsel van Sy erfdeel verbygaan? Hy hou Sy toorn nie vir ewig vas nie, maar het vreugde in guns.
19 Hy sal weer terugdraai, Hy sal Hom oor ons ontferm, Hy sal op ons ongeregtighede trap! En U sal al hul sondes in die dieptes van die see gooi.
20 U sal trou bewys aan Jaäkoḇ, guns aan Aḇraham, wat U aan ons vaders met 'n eed beloof het sedert die dae van ouds.

---

[k] Die beleërde stede en beleëring kan ook as Mitsrajim gesien word.

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe